

(ON)BILLIKE VERDELING VAN INKOME EN WELVAART IN SUID-AFRIKA

Sampie Terreblanche

1. INLEIDING

Ongelykhede en armoede bly die uitstaande kenmerke van die Suid-Afrikaanse gemeenskap 10 jaar ná die merkwaardige oorgang van apartheid na 'n stelsel van verteenwoordigende demokrasie. Om die probleem van ongelykheid en armoede in hulle gewenste historiese konteks te plaas, is dit nodig om die Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert die mynbou-revolusie in drie duidelike *sistemiese* tydperke in te deel. In elkeen van hierdie drie tydperke het die magskonstellasie wat in plek was/is die gemeenskap gevorm op maniere wat verreikende implikasies het vir die ongelykhede en die armoede van vandag. Die drie tydperke is, **eerstens** die tydperk van uitgebreide kolonialisme (van ±1880 tot 1974) waartydens *sistemiese uitbuiting* ingestel en voortgeplant is; **tweedens** die *oorgangstydperk* (±1974 tot 1994) waartydens *sistemiese uitbuiting* geleidelik vervang is deur *sistemiese uitsluiting*; en, **derdens** die demokratiese tydperk sedert 1994 waartydens *sistemiese uitsluiting* deur sowel die politieke as die ekonomiese fasette van Suid-Afrika se nuwe politieke ekonomiese stelsel gereproduseer word.

2. DIE TYDPERK VAN UITGEBREIDE KOLONIALISME WAARTYDENS SISTEMIESE UITBUITING GEINTRODUSEER IS (±1880-1974)

Suid-Afrika se ekonomiese opstyging het gedurende die mynbou-revolusie aan die einde van die 19de eeu plaasgevind. Die hoofsaaklik Britse mynmaatskappye kon goud slegs winsgewend produseer indien 'n politiek-ekonomiese en 'n arbeidstelsel geïnstansionaliseer kon word wat bevorderlik sou wees vir die produksie van goud in groot hoeveelhede en teen baie lae koste. Die politiek-ekonomiese stelsel wat in die 25 jaar van 1890 tot 1915 geïnstansionaliseer is - op versoek van die goudmynmaatskappye en met die ondersteuning van die Britse regering - was 'n politieke stelsel van *blanke politieke oorheersing* en 'n ekonomiese stelsel van *rasse en koloniale kapitalisme*. Hierdie politiek-ekonomiese stelsel het feitlik onveranderd bly voortbestaan tot in die 1970s. In hierdie stelsel het 'n baie noue simbiotiese verhouding bestaan tussen die blankes wat Suid-Afrika politiek beheer het en die blankes wat Suid-Afrika ekonomies beheer het. Albei groepe het 'n gevestigde belang in die *sistemiese uitbuiting* van swartarbeid gehad en albei groepe het groot ekonomiese voordeel daaraan ontleen.

Toe goud ontdek is, was die Afrikane nog ekonomies onafhanklik as tradisionele boere en as deelboere op blanke plase. Die Wet op Grondbesit van 1913 het slegs 8% van Suid-Afrika se grondgebied as natuurlike reservate toegedeel en alle vorme van deelboerdery verbied. Die doel van die wet van 1913 was om groot getalle van Afrikane berekend in 'n verarmde proletariaat te omskep sodat hulle geen ander keuse sou hê as om kontrakwerkers (teen baie lae lone) op die myne en op blanke plase te word nie. Die *sistemiese uitbuiting* wat op die manier geïnstitusionaliseer is, het die blankes tot die middel sewentiger jare onverdiend verryk en die Afrikane in dieselfde tydperk onverdiend verarm.

In die eerste driekwart van die 20ste eeu was die blankes deurgaans minder as 20% van die totale bevolking maar het altyd meer as 70% van die totale inkome ontvang. Die Afrikane, daarenteen, was deurgaans byna 70% van die totale bevolking en het altyd minder as 20% van die totale inkome ontvang. In die vroeë 1970s was Suid-Afrika 'n diep verdeelde rasse-gemeenskap: byna al die blankes was welvarende middelklas mense terwyl byna al die swartes verarmde laerstand mense was. 'n Diep foutlyn was toe goed gevestig tussen die welvarende blankes en die verarmde swartes.

2. OORGANGSTYDPERK (1974 – 1994) EN DIE VERVANGING VAN SISTEMIESE UITBUITING DEUR SISTEMIESE UITSLUITING

Dramatiese gebeure wat gedurende die vroeë 1970s wêreldwyd plaasgevind het, het die blanke beheerde bestel in Suid-Afrika in 'n ernstige oorlewingskrisis gedompel. Hierdie gebeure sluit die Egiptiese-Israel-oorlog van 1973, die stigting van OPUL en die skerp styging in die prys van olie en die staatsgreep van generaal Spinoza in Lissabon (1974) in. Al hierdie gebeure het tot stagflasië gelei wat in Suid-Afrika vir 20 jaar lank geduur het. Ander gebeure wat tot die oorlewingskrisis gelei het was die onwettige staking van swartwerkers in Durban in 1973 en die Soweto onluste (1976) wat tot die bevrydingstryd gelei het. Die krisis wat in die begin 1970 begin het, het vir 20 jaar voortgesleep en die magsverhoudings waarop blanke politieke heerskappy en rasse kapitalisme gebaseer was, geleidelik ondermyn.

Vanweë die magsverskuiwings wat vanaf 1974 tot 1994 plaasgevind het, het belangrike verskuiwings in die inkome-verdeling tussen groepe en in die verskillende bevolkingsgroepe plaasgevind. Die inkome van die boonste 25% van die swartes het – te midde van die voortslepende, kruipende armoede - met ±40% gestyg, terwyl die inkome van die onderste 60%

van die swartes met $\pm 50\%$ gedaal het. Die aandeel van die swartes in die totale inkome het van 19% in 1970 tot 42% in 1996 gestyg, terwyl dié van die blankes van 71% tot 52% gedaal het.

Die foutlyn in die Suid-Afrikaanse ekonomie het van 1974 tot 1994 geskuif en verdiep. Dit het geskuif omdat 25% van die swartes in 1994 reeds die status van 'n middelklas-in-wording verkry het danksy toegewings van die NP-regering aan die top laag van die swartes gemaak het en danksy die hoër lone wat die sakesektor aan geskoolde en halfgeskoolde swartarbeid betaal het nadat diskriminerende en onderdrukkende arbeidspraktyke afgeskaf is. Die foutlyn het egter ook verdiep omdat $\pm 60\%$ van die swartes in 1994 aanvanklik armer as in 1974 was – hoofsaaklik as gevolg van stygende swartwerkloosheid.

In die oorgangstydperk (1974 – 1994) is die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel omvorm van 'n stelsel van rasse en koloniale kapitalisme na 'n stelsel wat ons as 'n *Eerste Wêreld kapitalistiese enklave* kan beskryf. Toe swartarbeid sy goedkoop en gedweë karaktereienskappe gedurende die bevrydingstyd verloor het, het die sakesektor die ekonomie gemoderniseer. Swartarbeid is toenemend met kapitaal vervang en die rol van die primêre sektore (mynbou en landbou) – wat grot hoeveelhede swartes in diens geneem het - het in relatiewe terme aansienlik gekrimp. Die oorgang van rasse kapitalisme na kapitalistiese enklaviteit het tot gevolg gehad dat *sistemiese uitbuiting* geleidelik vervang is deur die marginalisering en/of *sistemiese uitsluiting* van die onderste helfte van die bevolking.

4. DIE INSTITUTIONALISERING VAN 'N NUWE POLITIEK-EKONOMIESE STELSEL EN DIE REPRODUKSIE VAN SISTEMIESE UITSLUITING SEDERT 1994

Die eerste helfte van die 1990s was 'n merkwaardige tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika. Gedurende hierdie vyf jaar is daar nie alleen ooreenkoms bereik oor 'n een-mens-een-stem demokratiese stelsel nie, maar het daar ook 'n nuwe magskonstellasie tot stand gekom tussen die blank beheerde korporatiewe sektor en die swart beheerde politieke bestel. Parallel tot die formele onderhandelinge oor Suid-Afrika se toekomstige politieke bestel, het daar ook geheime en informele onderhandelinge tussen die korporatiewe sektor (en hulle globale vennote) en die leierskorps van die ANC plaasgevind oor die toekomstige ekonomiese bestel en beleid. In hierdie informele onderhandelinge het die korporatiewe sektor die leierskorps van die ANC oortuig omtrent die beweerde verdienste van 'n neoliberale, markfundamentalistiese en 'n geglobaliseerde ekonomiese benadering vir die post-apartheid Suid-Afrika. Hierdie ooreenkomste was bevorderlik vir die stabiliteit en die relatief hoë ekonomiese groei wat Suid-

Afrika oor die afgelope 10 jaar behaal het. Die tergende vraag is egter of die nuwe magskonstellasie en die nuwe politieke-ekonomiese stelsel ook in die belang van die onderste helfte van die bevolking is.

Dit wil voorkom asof die nuwe politiek-ekonomiese stelsel – en veral die dominerende rol wat die korporatiewe sektor (en sy globale vennote) daarin speel – tot die nadeel van die onderste helfte van die bevolking strek. Dit wil ook voorkom asof sowel die politieke as die ekonomiese fasette van die nuwe politiek-ekonomiese stelsel die onderste helfte van die bevolking marginaliseer van die hoofstroom van die ekonomie en hulle sistemies uitsluit van die voordele wat die nuwe stelsel bied.

Oor die afgelope 10 jaar is 'n jaarlikse ekonomiese groei koers van 2,7% behaal, maar hierdie groei het hoofsaaklik tot die voordeel van die veelrassige middelklas (van ±4 miljoen blankes en ±11 miljoen swartes) gestrek, terwyl die inkome-armoede van die onderste helfte van die bevolking aansienlik vererger het. Danksy die groter besteding van sosiale dienste soos water, elektrisiteit, sanitasie, ens. aan die armes, het die sosiale lone van die armes gestyg. Dit is egter moeilik om die voordeel wat dit aan die armes bied te kwantifiseer en teen hulle stygende inkome-armoede af te weeg.

Ons kan die totale bevolking van ±45 miljoen in drie klasse van 15 miljoen indeel. Die veelrassige middelklas ontvang ±85% van totale inkome. Hulle inkome het aanmerklik gestyg oor die afgelope 10 jaar. Die tweede 15 miljoen is byna volledig swart. Hulle vorm die werkende laerstand wat ±10% van totale inkome ontvang. Hierdie klas is arm, maar nie sorgwekkend arm nie. Die broodwinners van huishoudings het wel toegang tot werksgeleenthede in die formele en informele sektore. Die onderste 15 miljoen is die (uitsluitlike swart) nie-werkende "underclass" of lumpenproletariaat wat sorgwekkend arm is. Hierdie klas ontvang ±5% van totale inkomste. Die "broodwinners" in hierdie klas het vir alle praktiese doeleindes geen toegang tot werksgeleenthede in die formele of informele sektore nie. 'n Groot deel van hierdie klas het glad nie of slegs gedeeltelik toegang tot die vernaamste sosiale dienste en is meestal ook nie in die posisie om vir die gekommersieerde sosiale dienste te betaal nie.

Die ANC regering bestee wel meer op sosiale dienste as die apartheidsregering. Sosiale bestedings het as 'n persentasie van nie-rente besteding van die nasionale begroting van 51% in 1992/93 tot 58% in 2004/05 gestyg. Dit is lofwaardig. Maar hierdie hoër sosiale besteding is

steeds nie voldoende om die pouperiseringseffek vanweë groter werkloosheid, hoë vlakke van geweld en misdaad en aansteeklike siektes (soos Vigs en tuberkulose) - wat hoofsaaklik die onderste helfte van die bevolking teister – te stuit nie. Dit word beraam dat sowat 48% van die bevolking (of ±22 miljoen mense) tans onder die armoedegrens leef.

Alhoewel die nuwe politiek-ekonomiese stelsel 'n groot verbetering is op die politiek-ekonomiese stelsel wat van ±1890 tot 1974 in plek was, funksioneer die nuwe stelsel steeds wanfunksioneel omdat sowel die politieke en die ekonomiese fasette daarvan die armste helfte van die bevolking *sistemies uitsluit*. In die nuwe politieke stelsel word besluitneming gemonopoliseer deur die nuwe swart- middelklas van ±11 miljoen mense. Die ANC ondersteuners wat die ANC konferensie bywoon en die Nasionaal Uitvoerende Komitee (NUK) kies, is uitsluitlik middelklasmense met 'n tipiese middelklas mentaliteit. In die parlementêre stelsel van proporsionele verteenwoordiging beskik die NUK en die kabinet oor bykans onbetwiste politieke mag. Hierdie politieke magshebbers vereenselwig hulle baie opvallend met die aspirasies van die opkomend swart middelklas. Hulle openbaar geensins dieselfde besorgdheid met die sware lewenslot van die 22 miljoen mense (wat in die bese kringloop van armoede en werkloosheid vasgevang is) as met die belange van die opkomende middelklas nie. Die ANC-regering se beleid van swart ekonomiese bemagtiging en regstellende optrede – om die onreg van segregasie en apartheid uit die weg te ruim – is so ontwerp en word so toegepas dat dit hoofsaaklik die swartmiddelklas is wat daardeur bevoordeel word.

Die ekonomiese faset van die nuwe politiek-ekonomiese stelsel is eweneens verantwoordelik vir die reproduksie van 'n *sistemiese uitsluiting*. Ná die korporatiewe sektor die ANC oortuig het om neoliberale, markfundamentalistiese en globaal-georiënteerde ekonomiese benadering te volg, het die Suid-Afrikaanse ekonomiese stelsel verder ontwikkel tot 'n *oop Eerste Wêreld kapitalistiese enklave* wat hom toenemend distansieer van die indiensneme van ongeskoolde swartarbeid. Hierdie enklave is uiters modern, doeltreffend (in die eng sin van die woord) en baie dinamies, maar dit marginaliseer die armes toenemend van die hoofstroom van die ekonomie. Die deelnamekoers van die arbeidsmag (as persentasie van die potensiële arbeidsmag) in sowel die formele as die informele sektore, het van 70% in 1994 tot 58% in 2004 gedaal. Werkloosheid het oor die afgelope 10 jaar van ±4 miljoen tot meer as 8 miljoen gestyg of van 30% tot 42% van die potensiële arbeidsmag.

Suid-Afrika het 'n merkwaardige politieke transformasie in die 1990s deurloop. Dit was egter 'n onvoltooide transformasie omdat 'n parallelle sosio-ekonomiese transformasie nie – of nog nie – plaasgevind het nie. Die toestande van armoede, ongelykhede en werkloosheid het oor die afgelope 10 jaar op sorgwekkende wyse vererger. Die ernstige karakter en die wydverspreidheid van hierdie probleme moet geensins onderskat word nie. Dit is belangrik om te besef dat aldie hierdie probleme 'n *strukturele* of *sistemiese* karakter het. Solank die nuwe politiek-ekonomiese stelsel – en die magstrukture en die ideologiese ingesteldhede waarop dit gebaseer is – onveranderd in plek gaan bly, is dit onwaarskynlik dat hierdie probleme na wense opgelos sal word – self al sou 'n heelwat hoër ekonomiese groeikoers in die kapitalistiese enklave behaal word. Voordat die yslike sosiaal-ekonomiese probleme – wat gesamentlik die nalatenskap van kolonialisme, segregasie, apartheid, die struggle en globalisering is – na wense opgelos kan word, sal Suid-Afrika verdere *sistemiese* transformasie van 'n heel ingrypende aard moet ondergaan. Die nuwe politiek-ekonomiese stelsel is inderdaad bevorderlik vir ekonomiese groei en vir die styging van die per kapita-inkome van die boonste helfte van die bevolking. Die groot tekortkoming van die nuwe stelsel is dat nie oor die broodnodige ontwikkelingsagenda beskik nie en omdat diegene wat die nuwe stelsel beheer (vanweë hulle sterk middelklas en globale ideologiese ingesteldheid) nie die belange van die armes nie na wense op die hart dra nie. Dit kan op die duur ernstige implikasies inhou.

In die laaste kwart van die 20ste eeu was Suid-Afrika 'n diep verdeeld rasse gemeenskap en is 'n rasse struggle ervaar. Tans is Suid-Afrika 'n diep verdeelde klasse gemeenskap. Suid-Afrikaners moet daarop bedag wees dat daar in die toekoms 'n klasse struggle kan ontbrand as die *strukturele* probleme van armoede, werkloosheid en ongelykheid nie daardie voorkeurbehandeling van die politieke en die ekonomiese magshebbers gaan ontvang wat dit verdien nie.